

Boekresensies

Scot McKnight (Ed), *Introducing New Testament interpretation*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1989, 197pp. Prys nie vermeld nie.

Hierdie publikasie dien as inleidende werk tot 'n nuwe reeks getiteld: *Guides to New Testament exegesis*. Volgens die redakteur is die doelwit van dié reeks om lesers aan die vier oorkoepelende genres van die Nuwe Testament, te wete van Evangelies, Handeling, die briefliteratuur en Openbaring bekend te stel, en om aan hulle 'n aantal eksegetiese modelle te bied waarvolgens hulle genoemde literatuursoorte op 'n verantwoorde wyse kan analiseer. Die teikengroep van hierdie reeks is veral studente wat hulle aan die beginfase van 'n wetenskaplike bestudering van die Nuwe Testament bevind.

Hierdie bundel bestaan uit 'n sewetal opstelle, telkens uit die pen van verskillende vakkundiges. Volgens die redakteur fokus genoemde bydraes op dié studiereine van die Nuwe-Testamentiese wetenskap wat noodsaaklik is vir die verstaan van die onderskeie genres van die Nuwe Testament. Dit sluit sake in soos agtergrondkennis, tekskritiek, grammatikale analises, sosiologiese benaderings, die verhouding tussen die Ou- en Nuwe Testament, endiesmeer.

Warren Heard se bespreking van die Agtergrond van die Nuwe Testament, wat metodologies sterk steun op die tradisionele analises van die *Umwelt* van die Nuwe Testament, bied voorbeeld 'n goeie kursoriese oorsig oor die geskiedenis van dié tyd, asook van die heersende godsdienstige idees en gebruike. Die doel van hierdie bydrae is om die lesers van meet af aan bewus te maak van die historiese gesitueerdheid van die Nuwe Testament. Darrell Bock (pp 97-113), wat weer gebruik maak van sommige van die nuwere insigte op die gebied van die semantiek (vgl. bv. sy verwysings na prof. Jannie Louw se publikasies) stel in sy bydrae stapsgewys 'n goed gefundeerde model vir die analise van Nuwe-Testamentiese terme daar. Hy wys ook slaggate uit waarin studies van dié aard dikwels in die verlede getrap het.

'n Probleem wat dié andersyds nuttige boekie tog ietwat kortwiek, is die feit dat dit dikwels te oorsigtelik van aard is en belangrike informasie eenvoudig oor die hoof sien. Thomas Schmidt se bydrae, getiteld: "Sociology and New Testament exegesis" is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Bo en behalwe die feit dat hy hom aan terminologiese verwarring skuldig maak (hy onderskei bv. nie tussen 'sosiologiese' en 'sosiaal-wetenskaplike' modelle nie), gaan hy baie ekleties te werk in sy benadering tot resente sosiologiese analises van die Nuwe Testament. 'n Mens sou darem ook verwag dat hierdie publikasie 'n deeglike bespreking en 'n teoretiese fundering van die verskillende genres van die Nuwe Testament moes aanbied. Huidiglik bestaan daar immers heelwat verskil van mening onder geleerdes hieroor; met name rakende die kriteria wat ter identifisering van die onderskeie genres gebruik word. Ten spyte egter van bovermelde punte van kritiek kan hierdie boek tog as 'n nuttige inleiding tot die bestudering van die Nuwe Testament vir studente aanbeveel word.

S Joubert

Moisés Silva, *Has the church misread the Bible? The history of interpretation in the light of current issues, Foundations of contemporary interpretation vol. 1*, Apollos 1987, 136pp. Prys £5.95.

Hierdie boekie uit die pen van 'n geleerde wat ons land onlangs besoek het, is die eerste in 'n reeks wat teologie-studente en geïnteresseerde leke op die hoogte wil bring met die hermeneutiese debat en waardevolle insigte in hierdie verband uit ander dissiplines. Gemelde werk wil eerstens as 'n soort irfleiding op die hele reeks dien. Daar word gewys op die kompleksiteit van Skrifverstaan soos dit vanuit die insigte van onder meer die literêre kritiek, die linguistiek, die geskiedeniswetenskap en wetenskapeteorie na vore tree. Latere publikasies in die reeks neem hierdie gesigspunte op. Tweedens wil die skrywer aantoon dat die kerk van die verlede, ten spyte van ernstige kritiek teen byvoorbeeld die allegoriese metode, die Bybel tog nie so radikaal misverstaan het as wat dikwels beweër word nie.

Die waarde van Silva se werk lê na my mening veral in sy oriënterende karakter; dit lê ook meer in die vrae en probleme wat geïdentifiseer word, as in die gepoogde antwoorde. Die skrywer se betoeg is ongelukkig nie altyd goed georden en helder nie. Hy prikkel die konserwatiewe Bybelleser egter tot nadenke en skok hom in 'n mate uit die valse sekerheid dat ons alles rondom Skrifverstaan salig in kruike en kanne het. Sy betoeg om aan te toon dat die kerk van die verlede tog die wese van die Skrif korrek opgevang het, kom ongelukkig nie in alle opsigte mooi duidelik uit die verf nie. Nuttig is veral die talle bronneverwysings en prikkelende toepaslike sitate. Alhoewel kursories, is die laaste hoofstuk, waarin hy die probleem van absoluut en relatief aanspreek en veral Kant se invloed in hierdie verband uitlig, na my mening een van die beteres.

AB du Toit

Robert H. Stein, *Difficult passages in the New Testament: Interpreting puzzling texts in the Gospels and Epistles*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 392pp. Prys nie vermeld nie.

Hierdie boek is 'n kompilasie van drie vorige boeke van Stein wat moeilike teksgedeeltes en uitsprake in onderskeidelik die Evangelies en die Nuwe-Testamentiese briefliteratuur behandel. In deel een en twee van hierdie boek word parallelle gedeeltes in die Evangelies, en die unieke aard van Jesus se preekstyl bespreek. Stein poeg hier om vrae te beantwoord soos: 'hoe moet die verskille tussen die evangelies se weergawes van dieselfde episodes verklaar word?', en: 'hoe moet sommige van Jesus se profesieë verstaan word wat nie in die vervulling gegaan het nie?' In dié verband voer hy dan onder andere aan dat baie 'oënskynlike' probleme in die Evangelies opgelos kan word indien in ag geneem word dat Jesus dikwels van oordrewe taal en hiperbole in sy prediking gebruik gemaak het. 'n Aantal kriteria ter identifisering van gevalle van oordrywing in die Evangelies word dan neergelê. Ongelukkig trap Stein egter in 'n lelike strik of twee op hierdie punt: Ten eerste gaan hy naamlik van die aanvegbare veronderstelling uit dat alle vorme van oordrywing in die Evangelies ons noodwendig in die omgewing van die *ipsissima vox* van Jesus bring.

Tweedens is heelwat van sy kriteria omstrede. Hy noem byvoorbeeld dat uitsprake van Jesus wat ander leringe in die Ou- en Nuwe Testament weerspreek voorbeelde van oordrywing is. Hierdie criterium berus egter op bepaalde dogmatiese (aprioriese?) aannames aan sy kant, sonder dat hy die tekstuele kontekste waarbinne genoemde uitsprake in die Nuwe Testament voorkom genoegsaam verdiskonteer. Derdens verswak sommige van hierdie kriteria die skerpheid, radikaliteit, en dikwels ook die letterlike implikasies van Jesus se uitsprake.

In deel drie van die boek word 'n aantal teksgedeeltes in die Nuwe-Testamentiese briefliteratuur wat in die verlede al tot heelwat diskussie onder algemene kerkklimate en teoloë aanleiding gegee

het, ondersoek. Dit sluit tekste in soos Romeine 8:28 wat verband hou met die vraag of gelowiges God vir letterlik alle dinge wat met hulle gebeur, moet dank; Efesiërs 5:18, wat handel oor die vervulling van die Heilige Gees; 1 Johannes 3:6-9, wat verband hou met die vraag of Christene nog kan sondig; 1 Petrus 3:21, wat verband hou met die vraag of die doop 'n voorwaarde vir verlossing is; ensovoorts. In hierdie proses lê Stein ook 'n aantal belangrike, alhoewel plek-plek tog ietwat verouderde, hermeneutiese beginsels ten opsigte van die verstaan van die Nuwe Testament neer. Deel drie is ongetwyfeld die sterkpunt van die boek. Dit bespreek 'n aantal 'kopkrap-tekste' op 'n deeglike wyse, en bied 'n behoudende standpunt hieroor aan. Predikante wat dikwels met vrae rondom hierdie tekste gekonfronteer word, sal veral baie baatvind by hierdie besprekings.

S Joubert

Robert Stein, *Difficult passages in the epistles*, Baker Book House, Grand Rapids 1988, 162pp. Prys onbekend.

Stein bundel hier 'n reeks populêre artikels wat uit sy pen in die Baptiste-tydskrif "The Standard" verskyn het. Onder die loep is 'n aantal standaardprobleme uit hoofsaaklik die Nuwe-Testamentiese briewe wat aan gelowiges hoofbrekens gee. So bespreek hy onder meer of Bybelse wyn onverdund was, of ongelowiges die Bybel kan verstaan, of Jakobus en Paulus oor die regverdiging verskil, of 'n mens jou eie saligheid kan uitwerk, wat vervulling met die Heilige Gees beteken, of gelowiges nie meer sondig nie, of Paulus 'n universalis was, hoe 'n mens Hebreërs 6:4-6 moet verstaan, die doop vir die dooies (1 Kor 15:29).

Die skrywer maak 'n hele aantal opmerkings wat vir die gewone leser nuttig kan wees. Ongelukkig staan die teksteoretiese beginsels wat hy aanwend, op redelik wankelrige bene. Die hermeneutiese sirkel word byvoorbeeld soos volg gedefinieer: "The process by which the meaning of an individual word is determined by the context, and the meaning of the context is at the same time determined by the meaning of the individual word, is called the hermeneutical circle" (p.19) (sic). Reeds sy behandeling van woordbetekenis op sigself is problematies, want telkens is dit die konteks wat, soos hy later self betoog, die deurslag moet gee. En by sy bespreking van wyn gaan dit eintlik om 'n kultuurhistoriese diskoers. Ook die gebruik van ander Bybelse geskrifte om 'n verstaansprobleem by 'n spesifieke passasie op te los, is maar 'n gevaarlike werkwyse.

AB du Toit

C Harinck, *Wie is Jezus van Nazareth?*, B.V. Uitgeverij "De Banier", Utrecht 1987. 203pp. Prys 27.50 gulden.

Die boek van Ds Harinck maak teologies die radikale teenpool uit van die in 1989 verskene Jesusboek van Hendrikus Boers met die byna identiese titel "Who was Jesus?". Die verskil tussen die "is" en die "was" in genoemde titels is geensins toevallig nie.

Harinck is diep begaan oor die wyse waarop die evangelie in Europa bedreig word deur ontkerstening, die moderne Skrifkritiek en die Joodse Jesusvisie en stel hom ten doel om die betroubaarheid van die Nuwe-Testamentiese Jesusverkondiging aan te toon. Vir hierdie doel bespreek hy die historiese kritiek, die literêre kritiek, die liberale Jesusbeskrywings, die godsdiens-historiese skool, vormgeskiedenis, redaksiegeskiedenis, struktuuranalise, die moderne teologie, Joodse Jesusbeskouings en skiet, met enkele toegewings, so min of meer alles af wat op hierdie gebiede gedoen word. In die laaste deel van sy boek bied hy positief die kerninhoud van die

Jesusverkondiging van die evangelies aan. Sy bevinding is dat Jesus Homself inderdaad as die Seun van God verstaan het in wie God verlossing vir die wêreld berei het.

Ds. Harinck bederf ongelukkig 'n goeie saak deur 'n pseudo-wetenskaplikheid wat hierdie saak net skade aandoen. Sy betoeg wemel van aanvegbare stellings, hinderlike foute, onversigtige formuleringe en ongenuanseerde en onbekookte gevolgtrekkings.

Om maar net enkele voorbeelde te noem: Alle beoëfening van die histories-kritiese metodes word met huld en muid afgeskiet, behalwe waar sy saak bevorder word; struktuuranalise is onbybels omdat die Skrifgetuieis hier na menslike goeddunke ingevul word (p. 67); Matteus die apostel se outeurskap van die eerste evangelie is bo alle dispuut verhewe; die evangelie is oorspronklik in Aramees geskrywe en is nie van Markus afhanklik nie; "betroubare ondersoekers" aanvaar die lang Markuslot.

Dit is onbewese dat Lukas Markus geken het, maar seker dat Johannes die Markusevangelie sowel as Lukas geken het. Hoe seer resensent ook saam met die skrywer oor sekere tendense bekommerd is en oortuig is van die basiese betroubaarheid van die evangeliegetuieis, word die lektuur van hierdie boek nie aanbeveel nie, behalwe in soverre as wat dit 'n voorbeeld is van hoe 'n apologie vir daardie betroubaarheid nie moet lyk nie.

AB du Toit

Robert H. Stein, *The synoptic problem: An introduction*, Inter-Varsity Press, Nottingham 1988, 292pp. Prys £9.95.

Deel 1 van hierdie lywige werk word ingelei deur 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die sinoptiese vraagstuk, gevolg deur 'n omvattende bespreking van die literêre interafhanklikheid van Matteus, Markus en Lukas. Op grond van, wat vir Nuwe Testamentici waarskynlik oorbekende argumente is, konkludeer Stein dan dat Markus die oudste van die Sinoptiese evangelies is, en dat Matteus en Lukas onafhanklik van mekaar van Markus én die sogenaamde 'Q-Bron' gebruik gemaak het. Stein aanvaar met ander woorde steeds die Twee-Bronne Hipotese as die mees geskikte verklaringsmodel vir die ooreenkomste en verskille tussen die Sinoptiese Evangelies.

In deel twee en drie word 'n historiese oorsig sowel as 'n inhoudelike bespreking van die Vormkritiek en Redaksiekritiek aangebied. 'n Evaluering van die waarde van pasgenoemde eksegetiese metodes ten opsigte van die verstaan van die pre-skriftelike fases in die ontwikkeling van die Evangelies, asook met betrekking tot die redaksionele arbeid van die onderskeie evangelies in die opskrifstelling van die Evangelies word ook hier onderneem.

Mens sou sekerlik kon vra waarom dan nog 'n boek oor die Sinoptiese vraagstuk en die 'eksegetiese hulpmiddele' van die historiese kritiek as dit geen nuwe teorieë op die tafel plaas of die bestaande teorieë enigsins verfyn nie? Die antwoord hierop is kennelik geleë in die oorhoofse doel van hierdie publikasie, naamlik om vir studente van 'n geskikte inleiding sowel as 'n werksboek tot die historiese studie van die Sinoptiese evangelies te voorsien, en om hulle ook bekend te stel aan die vernaamste teorieë en modelle ter oplossing van die probleme waarmee navorsers in hierdie verband gekonfronteer word. Die eintlike waarde van dié boek is daarom geleë in: a) die deeglike historiese oorsigte oor, en inhoudelike besprekings van die Sinoptiese Vraagstuk, sowel as die Vorm- en Redaksiegeskiedenis, en b) die groot aantal praktiese voorbeelde wat telkens ter toeligting van die besprekings aangebied word.

Studente word deur middel van hierdie nuttige publikasie nie alleen blootgestel aan bovermelde teorieë en metodes wat die boustene van die sogenaamde histories-kritiese paradigma vorm nie, maar word deur middel van die groot aantal konkrete voorbeelde ook gelei om dit self effektief te kan hanteer. Hierdie boek kan daarom met vrug deur diegene gebruik word wat op hoogte wil kom met die vernaamste probleemareas rakende die Sinoptiese Evangelies, asook met die

belangrikste teorieë en eksegetiese hulpmiddels wat ter oplossing hiervan binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap ontwikkel is.

S Joubert

Jan A du Rand, *Johannese Perspektiewe: Inleiding tot die Johannese geskrifte*, Orion Uitgewers, Pretoria 1990, 313pp. Prys R46,00.

Professor Jan du Rand, verbonde aan die Departement Bybelkunde van die RAU, is huidiglik ongetwyfeld die voorste kenner op die gebied van die Johannese geskrifte in Suid-Afrika, soos wat sy vele voortrefflike akademiese en populêre publikasies op hierdie terrein bevestig. Hierdie stimulerende inleiding tot die Johannese corpus voldoen inderdaad dan ook aan die hoë standaarde wat hy tot dusver in sy publikasies daargestel het.

Jan du Rand se doelwit met hierdie publikasie is om studente en persone wat op 'n meer gespesialiseerde wyse met die Nuwe Testament omgaan te oriënteer ten opsigte van die inleidingvraagstukke wat betrekking het op die vyf Nuwe-Testamentiese geskrifte wat tradisioneel aan Johannes toegeskryf word. Hy bied telkens breedvoerige besprekings van relevante aspekte in hierdie verband aan wat die huidige stand van ondersoek op hierdie terreine deeglik reflekteer. Dit sluit aspekte in soos die eerste lesers van hierdie geskrifte, die moontlike ontstaansituasies daarvan, outeurskapkwessies, daterings, samestelling en opbou van die onderskeie geskrifte, endiesmeer.

'n Baie belangrike winspunt van hierdie boek, wat dit van vele soortgelyke publikasies op hierdie terrein onderskei, is dat dit die Johannese geskrifte terselfdertyd ook vanuit resente literêre en sosiaal-wetenskaplike teorieë benader. Du Rand kombineer byvoorbeeld die bespreking van die outeurskap van die Johannesevangelie met 'n narratiewe ontleding van die rol van die outeur-verteller in die vertelling. In sy analise van die ontstaansituasie van Openbaring maak hy weer van nuwere insigte op die gebied van die sosiaal-wetenskaplike benadering tot die Nuwe Testament, soos die kennissosiologie, psigologie en sosio-linguistiek, asook van die nuwe retoriese benaderings gebruik.

Du Rand se bespreking van Openbaring is veral 'n juweel. Op 'n bevatlike wyse stel hy lesers nie alleen bloot aan die vele probleemareas verbonde aan hierdie werk nie, maar lei hulle ook om Openbaring aan die hand van 'n omvattende interpretasiemodel te analiseer. Hy bied in dié proses ook 'n interessante en goed gefundeerde narratiewe indeling van Openbaring aan die hand van drie Christologiese bedrywe aan.

Du Rand slaag in hierdie belangrike publikasie uitstekend daarin om die Johannese geskrifte vanuit 'n komprehensiewe benadering te analiseer, en om sy lesers stapsgewys aan hierdie, bykans onoorsigtelike, navorsingsveld bloot te stel. Alhoewel mens tog hier en daar deur die loop van die werk die gevoel kry dat hy te veel uiteenlopende standpunte met mekaar probeer versoen (vergelyk byvoorbeeld die bespreking van die genre van Openbaring), is dit ongetwyfeld 'n werk van hoogstaande akademiese gehalte, en 'n absolute moet vir elke ernsige student van die Nuwe Testament.

S Joubert

In *Uit genade alleen?* word elf afsonderlike opstelle oor Romeine aangebied deur proff C J Botha, A B du Toit, W J Wessels, G M Pelsler, J H le Roux, C J A Vos, drr W Sebothoma, J G Swanepoel, J G Du Plessis, C du Toit en E van Niekerk.

Groot dele van Romeine, bv hff 6-8, 9-11 en 12-16 kom in afsonderlike opstelle aan die orde. Dit is verstaanbaar dat vyf hoofstukke (bv 12-16) nie in enkele bladsye (16) enigsins volledig behandel kan word nie. Die opstel bied inderdaad maar net 'n breë oorsig oor sekere fasette wat in die hoofstukke van belang is. Dieselfde geld bv vir 9-11. Dit pas in 'n sekere sin by die doelstelling van die C B Powell-Bybelsentrum wat poog om teologiese materiaal vir gewone Christenlesers te ontsluit.

Daar word egter nie net op sekere teksgedeeltes (1:16-17; 1:18-3:20; 3:21-5:2; 6-8; 9-11; 12-16) gefokus nie. Sekere temas wat met Romeine verband hou, kom ook aan die orde. C J Botha bespreek "die agtergrond van die Romeinebrief en sy rol in die kerkgeskiedenis". Deur die geskiedenis het Romeine diep spore gelaat, onder andere in die lewens van Augustinus, Luther en Barth. Hierdie "kerkhistoriese" inset bied 'n interessante begin vir die res van die bundel. "Geloof in die boek Habakuk" deur W J Wessels, "Abraham - die man van geloof" deur J H le Roux, "Uitverkieing: God en/of mens" deur C J A Vos en "Die Christen en die staat" deur E van Niekerk is die temas wat op hul eie bespreek word. Hoewel 'n mens soms voel om te vra: waarom hierdie temas en nie ook ander nie, bied die insette oor hierdie sake interessante leesstof en is myns insiens 'n positiewe faset van die bundel.

Tog moet hier 'n vraagteken geplaas word oor die aanbieding. Die C B Powell-Bybelsentrum se oogmerk is om teologie vir die Jan en Alleman bevatlik te maak (vgl die "Voorwoord"). Dit is *nie* wat in sommige van hierdie opstelle gebeur nie. Die terminologie en skryfstyl is net te moeilik. Neem bv die teologiese vaktal van E van Niekerk: "Die Christokraties-kerksentriese interpretasie", "konkreet-charismatiese interpretasie" of "die realities-eskatologiese interpretasie". Watter "Jan en Alleman" sal dit verstaan? Hoe gaan Jan en Alleman nie sukkel met "Die gepaste paradigma vir 'n fundamentele analise..." en "Die status quaestionis..." nie? Die meeste van die skrywers het in hierdie strik getrap en die verantwoordelikes by die Bybelsentrum sal in die toekoms hieraan aandag moet gee indien hulle met hul beoogde leserskring erns wil maak. Vir ingeligte lesers (teoloë) is hier natuurlik geen probleem nie.

Die aanbiedinge is deurgaans op 'n goeie standaard. Ds Olivier, wat die Bybelskool - waar die temas aanvanklik behandel is - georganiseer het, het sy keuse van aanbieders goed gemaak en ook 'n goeie "variasie" ingebou. Dit is inderdaad 'n interkerklike poging vanuit verskillende dissiplines van die teologie. Die aanbiedings is ook nie ewe lank nie (dit wissel van 9 tot 26 bladsye). J G du Plessis se titel "Romeine 9-11: Die snykant van genade en C J A Vos se gediggie waarmee hy begin, dui op die "artistieke" wyse waarop sommige opstelle sorg vir lekker lees. Net jammer dat daar hier en daar tog taalfoutjies opgemerk is en dat die kursiewe letters in my kopie swak gedruk was.

Kortom, *Uit genade alleen* is 'n verdienstelike bundel opstelle wat vir predikante en goed ingeligte lesers goeie leesstof bied. Ek het egter ietwat van 'n voorbehoud as dit by "Jan en Alleman" kom. Hy of sy mag die inhoud sowel as die taal te moeilik vind.

JG van der Watt

Steve Motyer, *Israel in the plan of God: Light on today's debate*, Inter-Varsity Press, Leicester 1989, 172pp. Prys £4.95.

Hierdie boekie dien homself aan, soos wat die titel suggereer, as 'n bydrae tot die indringende debat wat huidiglik veral in Europa en die VSA rondom die verhoudinge tussen die Christendom en die Jode gevoer word. Motyer poog in dié boekie om lig op hierdie saak te werp aan die hand van 'n eksegetiese analise van die veelbesproke Romeine 9-11.

By wyse van 'n vers-vir-vers bespreking word die lesers algaande deur sekerlik drie van die moeilikste hoofstukke in die Nuwe Testament gelei. Motyer verval nooit in hoogs tegniese besprekings of ellelange verwysings na ander teoloë se standpunte nie; waarskynlik omdat hy 'n wyer kerklieke leserskring in gedagte het. Hy probeer egter ook nie om problematiese vraagstukke enigsins te sistap nie. Aspekte soos die verhouding tussen God se soewereiniteit en die menslike vryheid en verantwoordelikheid; die rol en plek van Israel binne die raadsplan van God; die vraag of daar enige heil vir Israel buite Christus se soenverdienste om is; God se universele verlossingsplan; ensovoorts, word sonder skroom, en telkens aan die hand van deeglike gemotiveerde stellinginnames bespreek.

Alhoewel Motyer vir die grootste gedeelte goed daarin slaag om sy lesers veilig deur die vele slaggate wat in Romeine 9-11 verskuil is te lei, gebeur dit dat hy tog op 'n paar kritieke punte te veel op 'inlegkunde' staatmaak. Veral in gedeeltes waar Paulus Ou-Testamentiese passasies in sy argumente aanhaal, pas Motyer byvoorbeeld die totale Ou-Testamentiese ('die makro-') konteks waarbinne hierdie aanhalings oorspronklik gefigureer het op Romeine 9-11 toe. Die gevolg hiervan is dat hy weliswaar interessante verklarings aanbied van gedeeltes soos onder andere Romeine 9:20-24, wat verband hou met die kwessie rondom die regverdigheid van die uitverkiesing, maar wat helaas nie deur die omringende tekstuele gegewens in Romeine 9-11 gesteun word nie. Terwyl Motyer hom hier dan op die 'nuwere' terrein van intertekstualiteit begeve, egter sonder dat hy enige eksplisiete blyke hiervan gee, sou 'n grondiger motivering van sy metodologie in hierdie verband die waarde van die boekie des te meer verhoog het.

Motyer kom tot 'n aantal interessante konklusies met betrekking tot die rol van Israel en die Christendom, wat dalk hard op die oor van sommige ekumeniese geeste in Europa en die VSA sal val. Hy toon onder andere aan dat daar geen ander heilsweg vir die Jode naas die Christelike Evangelie bestaan nie; dat Israel glad nie meer die middelpunt van God se heilsplan met die wêreld inneem nie; dat die totstandkoming van die staat Israel in 1948 nie 'n vervulling van Bybelse profesieë is nie; dat Israel hul bevoorregte posisie in God se oë verbeur het; ensovoorts.

Hierdie boekie kan met vrymoedigheid aanbeveel word aan elkeen wat belangstel in die vraagstuk rondom Israel se plek in die raadsplan van God. Dit bied 'n insiggewende analise van Romeine 9-11 op 'n bevatlike wyse aan.

S Joubert

D.A. Carson, *Showing the Spirit. A theological exposition of 1 Corinthians 12-14*, Baker Book House, Grand Rapids, 1988, 229pp. Prys onbekend.

Die eerste vier hoofstukke van Carson se werk word in beslag geneem deur 'n eksposisie van 1 Korintiërs 12-14. Hy doen moeite om op alle belangrike eksegetiese probleme in hierdie uiters belangrike hoofstukke oor die hantering van die charismata in die gemeente in te gaan. In sy vyfde hoofstuk bespreek hy uiters belangrike onderwerpe soos die spreek in tale in die boek Handeling, die doop met die Gees, "second blessing"-teologie, die charismatiese beweging. Ten slotte volg 'n aantal pastorale gesigspunte.

Ek vind hierdie 'n baie nuttige bron. Enige predikant, geestelike werker of geïnteresseerde gelowige sal hier uiters waardevolle en goed verantwoorde leiding ten opsigte van die verant-

woordelike hantering van probleme rondom die charismata kan kry. Dit impliseer nie dat ek met alles wat hier gestel word, kan instem nie. Omstrede standpunte sou onder meer wees sy siening van die huwelik as 'n charisma volgens 1 Korintiërs 7:7, sy uitleg van 1 Korintiërs 12:3, sy beskouing van die spreek in tale as die praat in werklike, verstaanbare, maar vir die spreker onbekende tale, sy verklaring van die swyggebod in 1 Korintiërs 14:33b-36.

Sy hele benadering is egter so gebalanseerd, billik en wetenskaplik verantwoord dat hierdie myns insiens inderdaad as een van die werklik goeie en maklik verstaanbare oriënterings op die betrokke Nuwe-Testamentiese hoofstukke en op die probleme rondom die charismata en die charismatiese beweging moet geld. Hy staan krities teenoor sekere moderne charismatiese tendense, maar beoefen sy kritiek met liefde en billikheid. Baie waardevol is ook sy talle voetnotas en bronneverwysings. Kortom: 'n werk wat veral vir die gemeenteleraar veel kan beteken.

AB du Toit

J.H.Roberts, *Die Brief aan die Efesiërs*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1990, 183pp. Prys R29,70.

Hierdie tweede uitgawe van die brief aan die Efesiërs in die bekende 'swart-omslag' reeks, nou weliswaar met 'n nuwe omslag en 'n Reeks-titel, te wete: 'Skrifuitleg vir Bybelstudente en Gemeente', deur professor Roberts van die Universiteit van Suid Afrika, is inderdaad 'n welkome toevoeging tot die immer groeiende reeks Afrikaanse teologiese publikasies. Professor Roberts het homself oor die afgelope jare heen onderskei as 'n kenner op die gebied van die Pauliniese ekklesiologie en die sogenaamde gevangenskapbriewe van Paulus, en is daarom by uitstek toegegerus om hierdie kommentaar te kon skryf.

Na 'n kort oorsig oor die vernaamste inleidingvraagstukke wat betrekking het op die Efesiërbrief, en 'n handige skematiese uiteensetting van die struktuur van die brief, word 'n deeglike vers-vir-vers verklaring aan die hand van die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel aangebied. Prof. Roberts slaag in hierdie kommentaar goed daarin om 'n magdom gespesialiseerde navorsing vir 'n wyer leserskring toeganklik te maak. Hy bied hierdie gegewens op 'n maklik verstaanbare wyse aan sonder om die goed gefundeerde en deeglike teoretiese onderbou waarop die kommentaar deurgaans steun enigsins prys te gee. Ingewikkelde teologiese dilemmas word byvoorbeeld nie gesystap soos wat maar al te dikwels in kommentare van hierdie aard gebeur nie. Die relevansie van die Efesiërbrief ten opsigte van verskillende aspekte van die kerklike lewe in die hede word ook telkens deur die loop van die kommentaar aangetoon. Selfs sosiale en politieke aspekte wat betrekking het op die Suid-Afrikaanse situasie word in dié verband aangesny.

Hierdie kommentaar is sonder twyfel 'n goeie belegging vir elke toegewyde Bybelstudent. Dit ontsluit 'n ryke skat van inligting wat vervat is in 'n ingewikkelde Nuwe-Testamentiese, maar binne ons huidige situasie, uiters relevante dokument op 'n fassinerende wyse.

S Joubert

AB du Toit (red), *Handleiding by die Nuwe Testament Band VI: Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en teologie*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1990, 314pp. Prys R37,50.

Die reeks *Handleiding by die Nuwe Testament*, wat ook in Engels beskikbaar is en onder die bekwame redaksie van prof. Andrie du Toit verskyn, het homself oor die afgelope aantal jare nie alleen hier ter lande nie, maar inderdaad ook ver buite ons landsgrense heen as 'n reeks van

hoogstaande akademiese gehalte onderskei en gevestig. Van die bekendste Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici het tot op hede aan hierdie reeks meegewerk wat ten doel het om die ganse spektrum van die Nuwe-Testamentiese wetenskap op 'n akademies-verantwoordbare, maar inderdaad ook op 'n bevatlike wyse aan studente bekend te stel.

Dit is daarom met groot verwagting dat mens telkens 'n nuwe volume in hierdie reeks ter hand neem. En dié bydrae oor die inleiding en teologie van die Johannese literatuur en die algemene briewe slaag weer eens met vlieënde vaandels. Die hoogstaande tegniese gehalte en afronding, wat so tekenend van die reeks tot op datum geword het, word steeds gehandhaaf, terwyl die akademiese standaard van die onderskeie bydraes wat hierin voorkom oor die algemeen van 'n baie hoogstaande gehalte is.

Die logiese aanbieding van die stof in hierdie publikasie dra daartoe by dat lesers, en met name dan studente as die eintlike teikengroep van dié reeks, met gemak daardeur kan werk. Numerings van opskrifte, sub-opskrifte en paragrawe is duidelik en word konsekwent gevolg. Die beklemtoning van 'n hoofgedagte in elke paragraaf by wyse van vetgedrukte letters dien as 'n belangrike hulpmiddel aan lesers, sowel as die kleingedrukte paragrawe wat informasie van 'n meer gespesialiseerde aard bevat. 'n Literatuurgids aan die einde van elke afdeling, en nie soos gebruiklik aan die einde van elke hoofstuk nie, is eweneens 'n baie handige hulpmiddel vir diegene wat verdere inligting ten opsigte van 'n gegewe afdeling verlang.

Hierdie publikasie bestaan uit sewe hoofstukke wat telkens in twee onderafdelings verdeel, te wete, 'n 'A-gedeelte' wat konsentreer op die inleidingvraagstukke van 'n gegewe Nuwe-Testamentiese dokument, en 'n 'B-gedeelte' wat fokus op die teologie van hierdie dokument. JA du Rand bespreek byvoorbeeld in hoofstuk 1A die vernaamste inleidingvraagstukke van die Johannesevangelie, soos die outeurskap, die eerste lesers, die onstaansituasie, die datering, endiesmeer. In hoofstuk 1B behandel JC Coetzee op sy beurt weer die teologie van die Johannesevangelie onder 'tradisionele' rubrieke soos 'die sentrale tema van Johannes se prediking, die Christologie, die Soteriologie en die Pneumatologie.'

Pasgenoemde patroon herhaal homself regdeur die boek. Wat die inleidingvraagstukke betref, beweeg die meerderheid bydraes wat metodologie, sowel as inhoud en aanbieding betref steeds binne die beproefde, tradisionele raamwerk van die Nuwe-Testamentiese inleidingswetenskap. Du Rand is die enigste outeur wat in hierdie verband wel ruimskoots van nuwere insigte vanuit die narratologie in sy analyses van die struktuur van die Johannesevangelie en Openbaring gebruikmaak. Wat die teologie betref, word die patroon van Band IV, wat oor die Sinoptiese Evangelies handel, steeds voortgesit (en wat vanweë tegniese en inhoudelike oorwegings nie in Band V gevolg is nie), naamlik om die teologie van elke dokument direk naas die bespreking van die ter saaklike inleidingvraagstukke aan die orde te stel.

Terwyl die meerderheid bydraes in hierdie bundel soos 'n vars bries deur die probleemareas van die onderskeie Nuwe-Testamentiese dokumente waai, deur onder andere interessante nuwe perspektiewe hierop te open (vgl. bv. Du Toit se bespreking van 1 Petrus se teologie, en Du Rand se bespreking van die inleidingvraagstukke van Openbaring), gebeur dit tog dat mens hier en daar 'n tamheid in een of twee van die bydraes aanvoel. Dit gebeur veral waar standpunte van ander teoloë eenvoudig klakkeloos oorgeneem en weergegee word. J.L.de Villiers se bydrae oor die teologie van Jakobus weerspieël byvoorbeeld die standpunte van Leonard Goppelt, soos vervat in sy bekende: *Theologie des Neuen Testaments* (1976), in so 'n mate dat selfs die opskrifte en sub-opskrifte plek-plek met mekaar ooreenstem.

Dit is tog jammer dat sommige bydraes in hierdie bundel, helaas vanweë bepaalde omstandighede buite die redakteur se beheer (soos in die voorwoord aangedui), inderwaarheid reeds 'verouderd' is. Willem Vorster se bydrae oor die inleiding tot die Hebreërbrief is byvoorbeeld reeds in September 1978 voltooi wat tot gevolg het dat heelwat resente publikasies op dié terrein, tesame met die daaruit voortspruitende navorsingsresultate, nie hierin gereflekteer word nie.

Hierdie bundel kan egter met groot vrymoedigheid vir alle studente van die Nuwe Testament aanbeveel word. Dit getuig van deeglike arbeid aan die kant van die onderskeie medewerkers, en as die vrug van vele ure se intensiewe navorsing plaas dit 'n magdom gespesialiseerde

historiese en teologiese kennis binne die bereik van elkeen wat op 'n meer intensiewe vlak met die Nuwe Testament omgaan.

S Joubert

BJ van der Walt, *Why the state? Bible study on Matthew 22, Romans 13 and Revelation 13*. Institute for Reformational Studies. F2 No 18, Potchefstroom University, Potchefstroom 1987, 47pp. Prys R4.00.

Bogenoemde werkie het gegroei uit 'n Bybelstudie oor wat in Romeine 13 en Openbaring 13 oor die staat gesê word. Hierdie Bybelstudie is aangebied by geleentheid van 'n internasionale konferensie oor Christelike hoër onderwys te Iowa. In hierdie meer uitgebreide uitgawe is 'n Bybelstudie oor Matteus 22 bygevoeg. Aan 'n aanbieding van hierdie aard kan uiteraard nie dieselfde eise gestel word as aan 'n volwaardige wetenskaplike ondersoek nie. Die standpunte wat gehandhaaf word, is min of meer die gebruiklike in ons eie kring. Die nut van hierdie aanbieding is dat dit 'n goed-Gereformeerde standpunt-inname oor drie sleutelpassasies ten opsigte van die staat byeenbring. Die uitgawe is nie in alle opsigte ortografies goed versorg nie. Stellings soos dié dat die Sadduseërs teologiese moderniste was, dat Romeine rondom 60 nC geskrywe is en dat die liefde die kriterium vir die reg in Romeine 13 is, moet bevraagteken word.

AB du Toit

J.H. van Wyk, *Die Woord is waardevol, Wetenskaplike bydraes*, PU vir CHO, Potchefstroom 1990, 77pp. Prys R6.00.

Hierdie studie, met as ondertitel "n Dogmatiese besinning oor die reformatoriese Skrifbeskouing", so word ons meegedeel, is onderneem op versoek van die Gereformeerde Teologiese Vereniging van Pretoria. Moontlik gee dit die verklaring vir die feit dat op een uitsondering na (W van Huyssteen) hoofsaaklik gelet word op die beskouings van teoloë uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit het die skrywer in elk geval nie daarvan weerhou om enkele verwysings ook na teoloë uit ander kerke te maak nie.

In kort, helder en duidelike posisietekening word die standpunte van Augustinus, Calvyn, Bavinck, Berkouwer en enkele teoloë uit die GKSA weergegee. Aan die standpunt van Van Huyssteen word meer aandag gegee, ook vanweë die skrywer se oordeel dat hier 'n belangrike werk voor hande is. Hy spreek sy waardering uit vir wat hier aangebied word, maar formuleer dan ook enkele kritiese vrae na aanleiding van die verhouding van teologie tot filosofie, die verhouding van teologie en wetenskap en die verhouding van wetenskap en God. Van Wyk gee toe dat daar 'n relasie tussen God en mens bestaan ten opsigte van die inskripturasie, maar sê hy, die vraag is na die aard van daardie relasie. En met name is die vraag of die sondige mens 'n instrumentele of wel 'n konstitutiwende bydrae ten opsigte van die waarheid van die evangelie en sy opskrifstelling, gelewer het. Dit vra die skrywer dan na aanleiding van Van Huyssteen se noue aansluiting by die Nederlandse *God met Ons*-publikasie.

Ek het groot waardering vir hierdie studie. Vir 'n vinnige oriëntering en 'n betroubare gids kan 'n mens hier gehelp word.

Wanneer hy enkele momente vir 'n Gereformeerde Skrifbeskouing uitlig en begin met die begrip openbaring, sê hy o.a. dat die mens die openbaring nie self ontdek nie, maar moet ontvang; dat God se aksie roep om reaksie van die mens. Só, sê hy, kan andersyds 'n koue objektivisme en andersyds 'n vloeiende subjektivisme vermy word. Opmerkings soos hierdie, behoort die skrywer m.i. ook kritiese vrae te laat oor die begrip organies. Ook hy kies, soos ander teoloë trouens ook,

vir die bekende organiese inspirasie teorie. Maar ek begin my al ernstiger afvra of die begrip organies werklik geskik is om die verbondsverhouding tussen God en mens (waarbinne ook die gebeure van die inskripturasie geplaas behoort te word) uit te druk. 'n Radikaal Gereformeerde Skrifbeskouing sal met sy kritiek hier moet begin. Iets meer hieroor sou welkom wees.

J A Heyns

W D Jonker, *Uit vrye guns alleen*. NG Kerkboekhandel, Pretoria 1989, 220pp. Prys R42.

In sy nuutste bydrae tot die bekende reeks (Wegwysers in die Dogmatiek) stel prof W D Jonker die leerstukke aangaande die uitverkiesing en die verbond aan die orde. Dit gaan dus om temas wat in die Gereformeerde Protestantisme steeds 'n belangrike rol gespeel het maar waaroor daar ook veel stryd en onsekerheid was. Die besondere waarde van hierdie belangrike boek bestaan daarin dat dit aandui dat die leer oor die uitverkiesing nie bedoel is om as donker voorbehoud die verkondiging van die evangelie te agtervolg nie maar dat dit intendeel juis bedoel is om deel te wees van die evangelie en dat dit ook weerklank moet vind in die prediking en in die lofsange van die kerk. Hiermee saam word die verbondsleer ontwikkel as die konteks waarbinne daar oor die uitverkiesing op 'n Bybelse manier gepraat kan word.

Dat die leer oor die uitverkiesing losgeraak het uit die kerugmatiese en doksologiese konteks waarin die Bybel dit oorspronklik geplaas het en tereggekomp het in 'n sfeer van onsekerheid en kwelling moet, volgens Jonker, toegeskryf word aan die metode van die rasionele skolastiek waarmee dit telkens weer in die geskiedenis van die teologie behandel is. So gebeur dit dat die werklikheid van Gods genadige verkiesing nie meer primêr gesien word in die heilshistoriese verbande waarin dit oorspronklik funksioneer het nie. Dit word geabstraheer tot 'n verkiesingsidee wat met die raad van God in verband gebring word. Wanneer hierdie konstruksie dan verder nog funksioneer as poging om met die werklikheid van die sonde in die reïne te kom, is die gedagte van die dubbele predestinasie voor die hand liggend. So kom die uitverkiesingsleer tereg in 'n omvattende wysgerige skema wat daartoe lei dat verkiesing en verwerping op 'n gelyke wyse gesien word as elemente in Gods voorsienigheid waardeur Hy van alle ewigheid af alles bepaal het wat in die geskiedenis sou gebeur. Die rede dus, sê Jonker, waarom die leer van die dubbele predestinasie aanvaar word, is omdat dit so logies is (bl 42).

Maar dit is nou juis teen so 'n formalistiese toepassing van die logika op die verhouding tussen God en mens waardeur Jonker beswaar maak. Daarom beklemtoon hy dat nie die logika nie maar die evangelie die spreke van die kerk bepaal (bl 66). Die uitverkiesing kan nie tot 'n idee gereduseer word nie. In plaas daarvan dat ons uitverkiesing en verbond in skolastiek rasionele terme probeer beskryf, moet ons eerder 'n Bybelse denkvorm daarvoor nastreef. Wanneer dit gebeur, sal die besef weer terugkeer dat die verkiesende God nie 'n abstrakte idee is nie maar die drie-enige God. Die uitverkiesing, sê Jonker, is 'n werk van die drie-enige God in die sin dat dit die Vader is wat uitverkies in die Seun en deur die Gees (bl 130). Die uitverkiesing kom dus nie net in die Godsleer ter sprake nie maar ook in sowel die Christologiese as die Pneumatologiese fasette van die soteriologie. Uit die geskiedenis van die verkiesingsleer blyk trouens dat wanneer hierdie leer uitsluitlik vanuit die Godsleer benader word die neiging ontstaan om dit in die wysgerige skema, waarna hierbo verwys is, te plaas. Wie egter, op voetspoor van Augustinus en Calvyn, begryp dat die uitverkiesing in Christus geskied, verstaan dat die uitverkiesing nie as 'n verborge beslissing van God gesien moet word waaroor ons nooit sekerheid kan hê nie maar dat ons juis, deur ons geloof in Christus, van ons uitverkiesing seker kan wees. Langs hierdie weg kan die uitverkiesing dus gesien word as dieptedimensie van die regverdiging deur die geloof alleen. En daarom kan dit nie anders as doksologies ter sprake kom nie.

Die belang van hierdie boek bestaan egter nie alleen daarin dat dit heelwat misverstande in

verband met die leerstukke aangaande uitverkiesing en verbond opklar nie maar dit bied ook 'n uitstekende voorbeeld van die soort teologie wat Prof Jonker beoefen. Wanneer 'n mens sien hoe hy die uitverkiesingsleer hanteer, word dit begryplik waarom hy kan sê dat dit die funksie van die teologie is om die prediking van die Woord van God te dien (bl 127). Ons het hier dus kerugmatiese en pastorale dogmatiek. Juis daarom is dit ook dogmatiek wat deur 'n besondere hermeneutiese fyngevoeligheid gekenmerk word. Dit kom, onder andere, tot uitdrukking in die fyn historiese sin wat die outeur openbaar, nie alleen in 'n akkurate omgang met die tersaaklike Skrifgeheeltes nie maar ook in 'n noukeurige luister na die dogmatiese en teologiese tradisie. Dit is opvallend dat byna helfte van hierdie boek gewy word aan 'n dogmahistoriese orientasie. Waardevol in hierdie verband is veral ook die feit dat die bydrae wat in die Nederlandstalige Gereformeerde teologie tot die betrokke leerstukke gemaak is, uitvoerig bespreek word. Dit is materiaal waarmee 'n jonger geslag predikante en teologiese studente in ons land in 'n toenemende mate onbekend is. Tog is 'n insig hierin noodsaaklik om stellingnames en onderskeidings wat kenmerkend is van die Gereformeerde tradisie te begryp.

Die uitvoerige historiese analyses word egter nie alleen uit didaktiese oorwegings aangebied nie maar is 'n uitvloeisel van nog 'n verdere kenmerk van prof Jonker se teologie te wete die ekumeniese aard daarvan. Hy neem sy teologiese beslissings in intense gesprek met 'n veelheid van geloofs- en teologiese gespreksgenote uit verlede en hede. Dit beteken nie dat hy aarsel om selfstandig standpunt in te neem nie. So, byvoorbeeld, wys hy die voorstelling van 'n dubbele predestinasie sowel as dié van 'n werkverbond af. Maar hy doen dit op 'n versigtige en oorwoë manier. "Moet ons hier nie liever 'n ander rigting inslaan nie?" (bl 194), is 'n vraag wat sy benadering in sulke gevalle goed illustreer. Wanneer 'n mens hierdie wysê van teologiebeoefening opmerk en in gedagte hou hoe Jonker hom teen alle vorme van konklusiwisme verset en wanneer 'n mens bowendien sien hoe hy ingewikkelde probleme nie met 'n enkele kragdadige greep oplos nie maar dit geleidelik benader en in verskillende bewegings die verskillende fasette aan die orde stel - in die dogmahistoriese orientasie praat die skrywer van die twee rondes waarin hy dit doen teweete eers vanuit die verlossingsleer en dan vanuit die Godsleer - dan kan 'n mens nie anders as om die standhoudende invloed wat Berkouwer op hierdie leerling van hom gehad het te herken nie.

Soos enige betekenisvolle bydrae tot die teologie stimuleer hierdie boek ook tot diskussie en verder vra. En 'n vraag wat by die lees van die boek telkens by my opgekom het, het betrekking op 'n sentrale gegewe daarin. Telkens word naamlik swaar klem gelê daarop dat dit die implementering van die skolastieke rasionaliteit in die teologie is wat daartoe gelei het dat die uitverkiesingsleer in deterministiese sin misverstaan kon word. Nou is 'n vraag wat in hierdie verband gestel moet word of prof Jonker in sy ywer om hierdie euwel te bestry nie soms op so 'n wyse formuleer dat die indruk kan ontstaan dat rasionaliteit en geloof werklikhede is wat mekaar wedersyds uitsluit en dat logiese inkonsekwensie gevolglik 'n deug is wat nagestreef behoort te word nie. Wie noukeurig lees, merk wel op dat hy dit nie so bedoel nie. Hy wil nie rasionaliteit as sodanig afwys nie maar 'n bepaalde soort rasionaliteit te wete die skolastieke rasionaliteit (bl 127). Tog kan 'n mens jou nie heeltemal aan die indruk onttrek dat die skrywer rasionaliteit en skolastieke rasionaliteit van tyd tot tyd aan mekaar gelykstel nie. Miskien sou hierdie waarskynlik verkeerde indruk uit die weg geruim kon word indien prof Jonker die gedagte van 'n Bybelse denkvorm wat hy teenoor die skolastieke logika stel iets uitvoeriger sou wou toelig. Dan sou duidelik word dat net soos hy hom saam met Berkouwer teen alle vorme van konklusiwisme in die teologie verset hy hom eweneens saam met sy leermeester teen 'n sacrificium intellectus in die teologie keer.

'n Mens sou ook verder kon vra of logiese denke in die teologie noodwendig daartoe moet lei dat die spreke oor God tot 'n abstrakte en onbybelse godsídee geformaliseer word. Is die probleem nie net soseer of selfs veel meer geleë in die voorveronderstellings wat apories in 'n godsídee projekteer word nie?

Hoe dit ook al sy 'n merkwaardige gegewe is dat, terwyl een van die deurlopende motiewe in die boek die outeur se verset teen 'n oorbeklemtoning van rasionaliteit is, die boek self 'n voorbeeld

is van strenge en omvattende teologiese denke wat sy tema tot in die verste uithoeke daarvan navors. Maar dit is 'n teologiese denke waarin die doksologiese konteks waarin die Bybel oor uitverkiesing en verbond praat, bewaar bly. Daarom is hierdie 'n boek wat vir sy lesers nie alleen van persoonlike geestelike betekenis sal wees nie, maar wat ook vir die predikant 'n handreiking bied om die vraagstukke wat met die behandelde temas verband hou, in prediking en pastoraat, op 'n verantwoorde wyse te hanteer. Dit is 'n boek wat die hoogste dank verdien wat 'n kerklike en teologiese gemeenskap aan 'n skrywer kan gee: groot getalle aandagtige en indringende lesers.

CJ Wethmar

Norman L. Geisler, *Christian Ethics*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1989, 335pp. Prys nie vermeld.

Hierdie boek oor Christelike Etiek is in twee groot hoofafdelings verdeel. In die eerste word gehandel oor teoretiese beskouinge oor die etiese en in die tweede word enkele fundamentele etiese vraagstukke behandel. In die eerste deel word sake soos antinomianisme, situasie-etiek, absolutisme, relativisme ens. aan die orde gestel. Die skrywer, eertydse professor in apologetiek aan die Dallas Teologiese Seminarium, en tans dekaan van die Liberty Centre for Christian Scholarship, bied hier 'n verantwoordelike weergawe van verskillende aspekte van genoemde etiese teorieë. Hy gaan diep op sake in en weeg argumente objektief teenoor mekaar af. Hy knoop aan by vroeëre publikasies van hom, maar bied uiteindelik tog 'n totaal nuwe boek, deurdat hy deeglik kennis neem van die jongste ontwikkelinge op die gebied van die etiese denke. Sy apologetiese instelling blyk ook duidelik wanneer hy beweer dat in afwykende beskouinge daar altyd positiewe waarheidselemente opgesluit lê. Uitgaande van dié standpunt soek hy dan ook doelbewus daarna in die behandeling van elke etiese teorie.

In die tweede deel gaan dit oor sake soos abortsie, eutanase, bio-mediese aangeleenthede, doodstraf, oorlog, burgerlike ongehoorsaamheid, homoseksualiteit, huwelik en egskeiding en ekologie. Ook hier is die rustige onpartydige akademikus, maar veral die Christen aan die woord. Helder en duidelik laat hy telkens die Bybel praat en beoordeel hy van daaruit die etiese vraagstukke wat hy behandel.

Ons het hier 'n betroubare gids in die oerwoud van mekaar weersprekende etiese standpunte en praktyke.

JA Heyns

JP Moreland, *Scaling the Secular City - A Defense of Christianity*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1987. Prys \$12.95.

J P Moreland kan met reg as een van die vindingrykste christelike apologete van die twintigste eeu beskryf word. Dit is met die eerste oogopslag duidelik dat hy deeglik onderlê is in die filosofie, natuurwetenskap en teologie en dat hy op die grense van hierdie dissiplines sy unieke verdediging van die Christendom laat afspeel. Behalwe dat hy aan die *Liberty University's School of Religion* as dosent in die apologetiek verbonde is, is hy ook aktief betrokke by die opleiding in apologetiek vir lede van *Campus Crusade for Christ* en tree hy in hierdie hoedanigheid by talle kolleges en universiteite in die V.S.A. op.

Getrou aan die tradisie van die apologetiek begin Moreland in die eerste hoofstuk met die kosmologiese argumente vir die bestaan van God. Die Thomistiese, Leibniziaanse en Kalaam argumente word voorgedra maar dit is duidelik dat Moreland voorkeur gee aan die Kalaam

argument. Hoewel die skrywer homself reeds in die eerste hoofstuk aan kritiek blootstel, deels op grond van sy kosmologiese vertrekpunt maar ook op grond van sy keuse vir die Kalaam argument, slaag hy tog daarin om enkele verteenwoordigende standpunte bloot te lê en by wyse van skitterende (dōg nie altyd waterdigte) deduktiewe logiese denke dit te verdedig. Veral in hierdie eerste hoofstuk leun die skrywer swaar op die wetenskapsfilosofie maar word die teologiese hoofstroom nie daardeur benadeel nie, maar eerder versterk. Hierdie hoofstuk is in besonder waardevol as Christelik apologetiese vertrekpunt vir die moderne mens wat midde in 'n hoë tegnologiese en natuurwetenskaplike wêreld die bestaan van 'n godheid metodes betwyfel. Die tweede hoofstuk word gewy aan 'n kritiese evaluasie van verskillende ontwerpe wat as bewysmateriaal vir die bestaan van 'n godheid aangevoer kan word. Die ontwerpe wat ter sprake kom is, onder andere, orde, doel, simplicitéit, kompleksiteit, estetiese, kognitiewe, kosmiese informasie en kosmiese konstantes. Vervolgens word drie argument-tipes voorgedra om te wete die sintetiese a-priori veronderstelling (waar die bestaan van God voorveronderstel word), die analogie (waar 'n analogie tussen mensgemaakte en Godgeskape entiteite die bestaan van God regverdig) en die argument van probabiliteit (waar aangetoon word dat sekere aspekte van die werklikheid moontlik is as die bestaan van God aanvaar word). Hoewel die bewysmateriaal en argumentasie nie nuut is nie word dit vars en prikkelend aangebied. Die skrywer skenk ook kritiese aandag aan enkele denk-ontwerpe van David Hume.

Die menslike siel of gees synde die bron van kennis en verstand (rasionele substansie) dui op God as oorsprong of grond van bestaan. Deur die mens as rasonale substansie te bewys, wil die skrywer aantoon dat die mens sy oorsprong nie bloot uit siellose materie het nie maar uit God self. Die rasonale menslike substansie moet noodwendig sy oorsprong uit 'n ander rasonale Substansie hê. Op hierdie wyse kan die bestaan van God dan bewys word. Die skrywer gebruik hierdie eeue-oue standpunt binne 'n eietydse idioom en slaag daarin om deur goed deurdagte argumentasie en kunstige taalgebruik die leser te oortuig van sy standpunt.

Onder die tydlose vraag na die betekenis van lewe behandel die skrywer die vier belangrikste lewensbeskouinge met name die nihilisme, die optimistiese humanisme, die immanente doel van lewe en Christelike teisme. Sonder om te verval in 'n subjektiewe oordeel, dui die skrywer aan dat die beste antwoord op die vraag na die sin en betekenis van lewe in die Christelike teisme te vinde is. Deur hierdie standpunt maak die skrywer in der waarheid vir die eerste keer (eers in hoofstuk 5) die weg oop vir 'n teologiese besinning van die probleem oor die bestaan van God. In die volgende twee hoofstukke word die historisiteit van die Nuwe Testament as brondokument en bewysmateriaal vir die bestaan van God asook die problematiek rondom die opstanding van Christus bespreek. Hierdie teologiese besinning is deurgaans nugter en objektief maar bied egter nie veel nuwe insigte en standpunte nie. Bestaande teologiese denke en argumentasie word bloot binne die konteks van die tema van die boek verwoord.

In hoofstuk 7 word m.i. die doel van die boek bereik waar die integrasie van die Christelike godsdiens en natuurwetenskaplike denke moontlik gemaak word en die skrywer aandui dat die moderne natuurwetenskap nie as 'n bedreiging vir die Christelike godsdiens beskou moet word nie. Ten einde 'n metodiek van integrasie tussen die Christelike godsdiens en natuurwetenskap bloot te lê, word vyf modelle van integrasie krities bespreek. As voorbeeld van hoe potensieel konflik areas hanteer moet word, bespreek die skrywer die klassieke skepping-evolusie-problematiek. Hoewel hierdie hoofstuk die kwaliteite het om 'n laaste hoofstuk te wees, bied die skrywer die leser in hoofstuk 8 'n bonus in die vorm van vier sogenaamde "Final Issues" rakende die Godsbewys. In hierdie hoofstuk word die problematiek van die sigbaarheid van God, God as 'n psigologiese projeksie, godsdienstige ervaring en morele relativisme bondig bespreek.

Die boek kan waardevol wees vir die Christen in die moderne samelewing. Vir die predikant wat vandag die eeue-oue "produkt" van die Christelike godsdiens aan die moderne mens moet "bemark", is dit noodsaaklike. Hoewel die "produkt" dieselfde bly, moet die verpakking vir die hedendaagse mens eietyds, vars en nuut wees. Juis daarom is die boek 'n voltreffer.

LJ Botha)

David K. Clark & Norman L. Geisler, *Apologetics in die New Age. A Christian critique of pantheism*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 245pp. Prys nie vermeld.

Uitgaande van die oortuiging dat moderne Christene andermaal soos Paulus van ouds op die Areopagus die inhoud van hulle geloofsoortuiging moet verdedig, wil die skrywers van hierdie werk stof bied wat gebruik kan word in die stryd met die New Age- beweging. Hier word aangetoon dat die New Age 'n alternatiewe geloofsisteem is wat die vinnigste groei in Amerika getoon het. Die Beweging is 'n nie-samehangende netwerk van persoonlikhede, groepe en beskouinge saamgebind deur die oortuiging dat 'n Nuwe Era van internasionale vrede, ekologiese sensitieweiteit en sosiale verligting kan aanbreek as almal net daarvoor wil werk en daarin wil glo. Alle mense moet hiervan bewus gemaak word.

Die basiese wêreldbeskoulike grondslag van die New Age is verskillende vorme van panteïsme, glo die skrywers van hierdie boek. Daarom word intensief ingegaan op verskillende openbaringe hiervan: Zen Buddhisme, wat 'n soort alles indringende panteïsme veronderstel, vervolgens word aandag gegee aan absolute panteïsme, emanasie panteïsme, en modale panteïsme (Spinoza). Vanuit 'n Christelike teistiese standpunt word die panteïsme afgewys, nie net omdat dit onchristelik is nie, maar ook omdat dit rasioneel nie samehangend is nie.

Teen hierdie agtergrond word die New Age dan intensief ontleed en gekritiseer.

Die basiese uitgangspunte van waar die skrywers in hulle analise en kritiek vertrek, is Bybels goed verantwoord. Hulle behandeling van die saak, sowel wat die analise as die kritiek betref, is egter sterk wysgerig sodat die nie ingewyde hierdie werk tog moeilik sal vind om te volg. Intussen is hier deeglike navorsing gedoen, wat waardevol gebruik kan word.

J A Heyns

JW Hofmeyr, JHH du Toit en CJJ Froneman, *Perspektiewe op/ Perspectives on Kairos*, Lux Verbi, Kaapstad 1987, 200pp.

Hoewel hierdie boek nou eers onder ons aandag gekom het, is dit beslis die moeite werd om dit te behandel al is dit eintlik by wyse van bekendstelling. Binne 'n jaar na die verskyning van die boekie is 'n tweede hersiene uitgawe van Kairos gepubliseer in September 1986. Die redakteurs het hulle ten doel gestel om 'n posities-kritiese en wetenskaplike bydrae tot die gesprek oor die sake wat deur die Kairos dokument op tafel geplaas is, te lewer. Hulle wou geen volledige kommentaar of handboek lewer nie maar perspektiewe na vore bring. Verder het hulle probeer om 'n verteenwoordigende groep medewerkers aan die woord te stel, dus sowel voorstanders as teenstanders. In 'n slotwoord het hulle beklemtoon dat die dokument (Kairos) nie eenvoudig kritikeloos opgehemel of summier van die tafel afgevee kan word nie (193).

Die werk word in vier dele verdeel naamlik die aanloop tot die dokument, die inhoud, die implikasies van die Kairos-dokument en ten slotte die Kairos-dokument in perspektief. Die artikels wat in Afrikaans verskyn word deur 'n kort Engelse Abstract gevolg wat dit dus vir 'n wye leserspubliek toeganklik maak.

In deel 1, die aanloop, behandel dr J van Rensburg in "Die Kairos breek aan" die teologiese wortels van die kairos begrip by Robinson, Tillich en Camara. Prof G D Cloete gee "'n Ondertekenaar se bewegegedes" weer. Deel 2 oor die inhoud van die Kairos-dokument bevat die artikels van prof CWH Boshoff "Die 'Staatsteologie' in perspektief"; Prof B. Gaybba "The criticism of 'Church Theology'"; Prof A. König "'Prophetic Theology' in perspective" en "'Challenge to action' in perspective" deur Ds S Buti. Deel 3 handel oor die implikasies van die dokument. Prof WD Jonker handel oor "Die kerklik-teologiese implikasies van die Kairos-dokument" en beklemtoon dat al het ons met 'n kreet uit die hart te doen dit tog 'n gevaarlike teologie is. Hy maak die

belangrike opmerking dat as ons die gereformeerde religie beter verstaan en uitgeleef het, die Kairos-dokument nie nodig was nie (86). Dr M Motlhabi skryf oor "Kairos revisited: Its social ethical implications" en prof L.M. du Plessis oor "Die maatskaplik-politieke implikasies van die Kairos-dokument". Ten slotte word in afdeling 4 die Kairos-dokument in perspektief geplaas. Prof FE Deist het in sy bydrae "Using the Bible: The hermeneutics of the Kairos Document" uitsprake van die Kairos-dokument naas die van 'n preek van CRKotzé ('n Ned Geref dominee), uitsprake van Puriteine gedurende die burgeroorlog en die van Thomas Muntzer en tydgenote in hulle stryd teen die grondeienaars gestel. Ds DT Nel bespreek "The Kairos Document as an alternative model for relating theology to action" en dr D.P. Whitelaw het die Kairos-dokument en die Evangelical Witness met mekaar vergelyk in "Heading towards a post-apartheid society: A historical theological evaluation of the Kairos Document and Evangelical Witness to South Africa". Ons is nog nie klaar met die gesprek oor die sake waaroor dit in die Kairos-dokument handel nie en hierdie is 'n eerlike poging om 'n ernstige gesprek met die voorstanders van die dokument aan te knoop en in die lig hartlik aan te beveel.

C F A Borchart

A Carden, *Puritan Christianity in America: Religion and life in Seventeenth-Century, Massachusetts*, Baker Book House, Grand Rapids 1990, 239 pp.

Die verskyning van die onderhawige boek verteenwoordig 'n belangrike nuwe bydrae tot die gesprek rondom Puritanisme en sy wydvertakte invloed elders ter wêreld. Dat die invloed daarvan in Noord-Amerika selfs besonder groot was, staan soos 'n paal bo water, en dit is 'n studieterrein wat in die loop van die geskiedenis reeds baie aandag geniet het. Die besondere bydrae van hierdie publikasie is waarskynlik daarin geleë dat dit die eerste uitvoerige evangeliese perspektief bied op hierdie teologiese stroming wat tegelyk godsdienstige, intellektuele en sosiologiese trekke gehad het.

Nadat Carden 'n agtergrondskeets in hoofstukke 1 en 2 aangebied het, bied hy in hoofstuk 3 'n Bybelse basis van die Puritanisme. Hy fokus dan uitgebreid op verskillende aspekte van die Puriteinse teologie soos byvoorbeeld die menslike natuur, die sondeval en die verlossing in Christus (hoofstuk 4), die verbond en die pad van heiligmaking (hoofstuk 5) en die kerklike bediening, aanbidding en prediking (hoofstukke 6 en 7). Daarna fokus hy op die Puriteinse lewenstyl. Fasette soos sosiale etiek (hoofstukke 8 en 9), die politiek (hoofstuk 10), die familielewe (hoofstuk 11) en onderwys, kultuur en ontspanning (hoofstuk 12) word almal onder die loep geneem. Ten slotte word in hoofstukke 13 en 14 aandag gegee aan 'n kritiese evaluering en die erflating wat die Puritanisme aan die Amerikaanse samelewing in al sy vertakkinge gebied het. Die outeur kom tot die slotsom dat evangeliese Christene in Amerika besonderlik beïnvloed is deur die Puritanisme, maar dat hulle nie altyd bewus is van die historiese verbintenisse tussen hulle eie tyd en dié van die Puriteine nie. Die evangeliese Christene kan veel positief uit hierdie stroming put maar ook bewus word van die vangstrikke waaraan hulle binne so 'n tradisie blootgestel is.

Hierdie publikasie is oorwegend goed gedokumenteerd, gemaklik geskryf en keurig afgerond. Dit bied ook waardevolle korrektiewe op byvoorbeeld 'n vroeë standaardwerk oor die Puritanisme in Amerika van die hand van Perry Miller. Juis in hierdie korrektiewe wat Carden vanuit 'n evangeliese perspektief aanbied, lê die groot waarde van hierdie boek. Dit is 'n publikasie wat deur elkeen bestudeer behoort te word wat sigself interesseer in die invloed van verskillende internasionale godsdienstige en vroomheidsstrominge op die Suid-Afrikaanse kerklike en teologiese konteks.

J W Hofmeyr

Robert L. Cord, *Separation of Church and State: Historical Fact and Current Fiction*, Baker Book House 1988, 315 pp. Prys nie vermeld nie.

Robert Cord is professor in Staatsleer aan die Northeastern University (Boston) Massachusetts. Hierdie monografie is sterk polemies gerig teen die tradisioneel-aanvaarde en invloedryke interpretasie van die "Establishment Clause of the First Amendment" (1791) van die Amerikaanse grondwet. Hierdie klousule wat die verhouding staat - kerk (en dus godsdienstebeoefening) konstitusioneel vaslê, lui as volg:

"Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom - of speech, or of the press; or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the Government for a redress of grievances"

Cord rig hom teen veral

(a) die bepalende en gesagvolle uitspraak van die Amerikaanse hooggeregshof deur regter Justice Black in die saak "Everson v Board of Education" (1947);

(b) die invloedryke standpunt van prof Leo Pfeffer in sy "Church, State and Freedom" (1967) asook "God, Caesar, and the Constitution" (1975).

Eersgenoemde hofuitspraak het die absolute skeiding van kerk en staat interpretatief ooreenkomstig die klousule van 1791, juridies vasgelê. In latere hofgedinge is hierdie gesaghebbende uitspraak nagevolg.

In **laasgenoemde**, naamlik die standpunt van Pfeffer, voer hy aan dat die oogmerk van die opstellers met hierdie klousule nie slegs die vermyding van 'n godsdienstige samelewing was nie, maar die uiteindelijke sekularisering van die samelewing.

Beide hierdie interpretasies wil Cord vanuit die oorspronklike historiese dokumente rakende die opstel, implementering en deurvoering van hierdie klousule van 1791, grondig weerlê. Alhoewel, aldus Cord, die opstellers wel die skeiding van kerk en staat ondersteun het, dan nié op die wyse wat die uitspraak van die hooggeregshof (1947) bepaal het nie, dws as konstitusionele skeiding. Cord motiveer sy standpunt in aansluiting by veral twee sentrale figure wat met hierdie klousule bemoeid was tw James Madison en Thomas Jefferson. Cord toon op oortuigende wyse aan dat hierdie bepalende en invloedryke hofuitspraak van 1947 onder verdenking moet staan. Sô óók die interpretasie van Pfeffer.

Op oorspronklike en goed beredeneerde wyse slaag Cord daarin om die "meer korrekte" historiese oogmerk en betekenis van die aanloop tot, die oorsprong en implementering van hierdie klousule, aan die orde te stel. Hiervolgens het die opstellers van hierdie klousule 'n benadering van gematigde skeiding tussen kerk en staat beoog. Cord toon ten slotte waarskuwend aan dat kontemporêre vraagstukke rakende die kerk-staat verhouding, foutiewelik as grondwetlike vraagstukke hanteer word. Hierdie is vir Cord vraagstukke wat alleen maar met openbare beleid te make het.

Hierdie aktuele monografie met uitgebreide addendum (241-302) van histories- relevante Amerikaanse dokumentasie en met bruikbare indeks, is nie bedoel en bruikbaar alleen vir die interdisiplinêre vakspecialis nie, maar vir elke navorsers wat met die verhouding kerk-staat binne 'n breër probleemhorison gemoeid is.

DP Veldsman

I.S. van der M Burger: *Die geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (1908-1958)*, Evangelie-uitgewers, Braamfontein, 1987, 460pp.

Die Pinksterbeweging het in die Suid-Afrikaanse konteks nog nie uitgebreide wetenskaplike aandag en beoordeling geniet nie. Hierdie gepubliseerde proefskrif van Burger is 'n belangrike wetenskaplike toevoeging en dit sal ongetwyfeld daartoe bydra om die verdere gesprek en

bestudering van hierdie belangrike stroming in herkhistoriese, teologiese en samelewingskringe te bevorder.

In 'n eerste hoofstuk plaas Burger die Pinksterbeweging in historiese perspektief. In hoofstukke 2 en 3 skets Burger die aanloop tot die 20e eeuse Pinksterbeweging en die uiteindelijke ontstaan daarvan. Vanaf hoofstuk 4 tot 16 val die lig op die Suid-Afrikaanse toneel. Aspekte wat aan die orde gestel word, is die onmiddellik Suid-Afrikaanse aanloop tot die ontstaan van hierdie beweging hier plaaslik, die rol van internasionale figure soos J.G. Lake en T. Hezmalhalch daarin, die eerste Afrikaanse president van die kerk te wete P.L. le Roux, verskillende fases in die geskiedenis, verhoudinge met ander kerke, kerkregtelike dogmatiese en liturgiese ontwikkelinge en die verskillende departemente oftewel fasette van die AGS se werk.

Burger slaag daarin om op 'n wetenskaplike en kritiese wyse met die primêre historiese materiaal om te gaan. Alhoewel hy self natuurlik deel van hierdie kerk is en trouens tans ook president van die kerk is, is sy oorsig en insig nie dermate subjektief gekleur nie. Hy slaag intendeel daarin om nie 'n apologie vir sy kerk te skryf nie en andersyds om hierdie kerk te midde van ander kerke te plaas. En juis hieraan is daar 'n steeds groter wordende behoefte in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing. Die enigste leermte wat ek aangevoel het, is dat Burger nie genoeg van die samelewingskonteks maak waarin hierdie kerk sy wortels en groei beleef het nie.

Die lees en bestudering van hierdie publikasie hou veel waarde in met die oog daarop om 'n beter geheelbeeld op die voortgang van die kerk in die Suid-Afrikaanse konteks te verkry. Met vrymoedigheid word hierdie werk as 'n waardevolle stukkie mosaik met die oog daarop aanbeveel.

JW Hofmeyr

A Scholtz, *Die verhaal van Allan Boesak*, Privaat uitgegee, Vanderbijlpark, 1988.

Die onderhawige publikasie is voorlopig in fotgekopieerde vorm deur die outeur self uitgegee. Die verwagting is dat 'n verwerking daarvan binnekort deur 'n Duitse uitgewer uitgegee sal word. Die doel van hierdie publikasie is om die lewe en die werk van een van die prominente maar soms ook omstrede swart Suid-Afrikaanse teoloë in perspektief te stel.

In hoofstuk 1 handel die outeur oor Boesak se jeug- en studentejare asook sy studenteleraarskap.

In hoofstuk 2 kom die tema van 'n regverdige samelewing aan die orde. Boesak se standpunte oor die Suid-Afrikaanse samelewing en die behoefte aan 'n nuwe gemeenskap word duidelik uiteengesit. In hoofstuk 3 word Boesak se beskouinge oor swart teologie op 'n uitgebreide wyse aan die orde gestel terwyl hoofstuk 4 hom as 'n veelsydige leier beskryf. Sy leierskap in die Broederkring, in die skakelingsproses met ander kerke, in die Wêreldbond van Gereformeerde kerke en in die Ned Geref Sendingkerk kom hier aan die orde. Hoofstuk 5 teken hom as 'n internasionale figuur en hoofstuk 6 evalueer Boesak se kerklike en teologiese rol en invloed. Volgens Scholtz sluit Boesak se teologie eerder aan by sy politiek as by die Bybel self. Volgens Scholtz is verlossing vir Boesak primêr politieke bevryding terwyl die verhouding tussen God, die sonde en Christus se verlossingswerk nie genoegsaam belang word nie.

Hierdie poging van Scholtz verteenwoordig een van die baie min omvattende beskrywings en beoordelings van die lewe en werk van Boesak. Alhoewel daar skerp kritiek deur Scholtz op Boesak uitgespreek word, is dit andersyds nie heeltemal ongegrond nie en andersyds doen Scholtz dit met begrip vir die persoon en konteks van Boesak. Scholtz pleit trouens ten slotte daarvoor dat daar in Suid-Afrika meer na mekaar geluister moet word. Die lees daarvan word dan ook by die geïnteresseerde aanbeveel.

JW Hofmeyr

Die laaste woord oor sending en kolonialisme is nog lank nie gespreek nie. Dit is een van die temas wat duidelik illustreer hoedat geskiedenis uit verskillende kontekste en perspektiewe verskillend beoordeel word. Waar sendelinge van die negentiende eeu in talle gevalle koloniserings gesien het as die enigste manier om "heidennasies" van ondergang te red, het mense in die gekoloniseerde gebiede dit dikwels as een groot stuk aggressie beleef. Die gevolg is 'n wydverspreide opvatting dat sending die wegberaier was van Westerse imperialisme en kolonialisme. Die skrywer poog om bogenoemde beskuldiging krities en eerlik te evalueer. Sedert die boek van Stephen Neill oor **Colonialism and Christian Missions** (1966) is hierdie een van die mees omvattende boeke oor die tema.

Die skrywer begin met 'n bespreking van die anti-koloniale reaksie teen die Christendom en die sending. Die klem val hier op Sjina en Afrika en die skrywer toon aan dat baie van die kritiek op kolonialisme op emosionele propaganda berus eerder as op eerlike historiese ondersoek. So 'n ondersoek is dus baie noodsaaklik.

In die tweede hoofstuk word die begrippe imperialisme en kolonialisme deeglik bespreek. Die betekenisverskuiwings van die begrip "imperialisme" word aangetoon en die verhouding daarvan tot kapitalisme nagespoor. Die skrywer toon aan dat daar verskillende soorte imperialisme is wat wissel vanaf die meer aanvaarbare morele en humanitêre vorme tot die meer verwerplike imperialisme wat net op eie belang en magsuitbreiding berus. Die motiewe van Britse imperialisme in die negentiende eeu word krities onder die loep geneem.

In hoofstuk 3 word die oorsprong en groei van die Protestantse en veral die Britse sendingbeweging baie kursories beskryf en die verhouding daarvan tot kolonialisme nagegaan. Dit is slegs van waarde vir mense wat nog baie weinig kontak met die sendinggeskiedenis gehad het.

Die belangrikste deel van die boek en ook die mees waardevolle is die volgende 3 hoofstukke waarin 'n reeks gevallestudies gedoen word van die verhouding sending-imperialisme in Britse koloniale gebiede gedurende die negentiende en twintigste eeue.

In die slothoofstukke word die interaksie tussen Christendom en kultuur bespreek en die konklusies van die boek vanuit 'n teologiese gesigshoek saamgevat.

Die sterk punt van die boek is dat dit nie net 'n historiese beskrywing is van imperialisme en sending nie, maar dat die teologiese motiewe wat daarin aan die werk was, ook ontleed word.

Verder poog die skrywer om emosionele en ideologiese kritiek teen kolonialisme te beoordeel aan die hand van eerlike historiese ontledings. Hy poog ernstig om tot 'n gebalanseerde oordeel oor die verskynsel te kom. Hy toon duidelik aan dat sendelinge se steun aan kolonialisme selde aan eiebelang of imperialisme toegeskryf kan word. Hulle het meesal die voortgang van die evangelie of die belange van die inheemse bevolking in gedagte gehad. Die humanitêre of morele motief het by hulle meesal baie sterk gefigureer. Dit sou dus onbillik wees om die sendingbeweging in sy geheel as 'n stuk aggressie af te maak. Vir die Suid-Afrikaanse situasie is veral van belang die skrywer se beoordeling van die sending aan die Kaapse Ooskus tussen 1830 en 1860 en in Botswana tussen 1878 en 1895. Kolonialistiese en imperialistiese motiewe word ook hier duidelik geëvalueer. Hy toon aan hoe die humanitêre imperialisme van die sendelinge direk teenoor die ekonomiese en politieke imperialisme van mense soos Cecil John Rhodes gestaan het. Verdere gebiede wat bespreek word is onder andere Sjina, Kenia, Malawi en Uganda.

Die skrywer gaan in op die missiologiese probleem van kultuurkerstening of aanpassing by inheemse kulture. Hy toon aan dat kerstening noodwendig moet lei tot kultuurveranderinge - selfs al is daar nie imperialistiese motiewe aan die werk nie.

In die slothoofstuk word die bevindinge van die skrywer saamgevat en teologies geëvalueer. In die geheel gesien is sy evaluering eerlik, gebalanseerd en billik. Mense wat na die geskiedenis kyk deur ideologiese brille sal waarskynlik voel dat hy nie afwysend genoeg is teenoor imperialisme nie.

Dis was egter hoog tyd dat 'n eerlike historiese ontleding van motiewe 'n korrektyf moes bring op die eensydige emosionele beskuldiging teen die sendelinge van die vorige eeu.

D Crafford

JP Moreland, *Christianity and the nature of science (a philosophical investigation)*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1989, 263pp.

Van tyd tot tyd verskyn daar werke wat die moeilike kwessie van die verhouding tussen teologie en wetenskap aanspreek. Die skrywer het 'n graad in chemie, 'n graad in teologie en twee grade in filosofie. Gevolglik is hy goed toegerus en het hy hom heelwat beter van sy taak gekwyt as meeste van sy voorgangers.

Vooraf word duidelik gestel dat hierdie studie vanuit 'n filosofiese oogpunt geskryf word - soos die titel trouens ook aandui. Die doel van die boek is om Christene by te staan in hul denke oor wetenskap en teologie. Die skrywer lewer meteen 'n pleidooi dat teologie die wetenskap met sy metodologieë, ens met groot vrug kan bestudeer.

Die skrywer kom tot die volgende algemene gevolgtrekking: "An eclectic model of science, one that uses a realist or antirealist view of science on a case-by-case basis, should be used to integrate science and theology (p.14)"

In hoofstuk 1 word pogings om die wetenskap te definieer, bespreek. Die verskillende wyses waarop filosofie en wetenskap in wisselwerking is, word voorts uitgelig. Hoofstuk 2 is 'n waardevolle bespreking van belangrike beginsels en aspekte van wetenskapsmetodologie. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar nie een enkele "korrekte" metodologie is nie, maar dat die wetenskap van 'n hele aantal verwante metodologieë gebruik maak. Hoofstuk 3 wys die beperkinge van die wetenskap uit. Scientisme word verwerp. In hoofstuk 4 word die baie belangrike kontemporêre debat tussen realistiese en anti-realistiese teorieë aangespreek. Hoofstuk 5 verduidelik 'n aantal anti-realistiese teorieë en die voordele van 'n eklektiese model. Ten slotte word in hoofstuk 6 beweer dat die wetenskap van die skeppingsordes (creation science) niks anders as verbloemde religie is nie.

Die skrywer is goed onderlê in die wetenskapsfilosofie en die leser sal veral baat by die grondige verwerking en aanbieding van belangrike kontemporêre metodologiese standpunte. Die leser word bekendgestel aan belangrike filosofiese soos WVO Quine, Thomas Kuhn, Hilary Putnam, Richard Rorty, Bas van Fraassen, Rom Harre, Majorie Greene, Karl Popper, ensovoorts. In hierdie boek word die waarde van die wetenskappe en sy teorieë vir die teologie en die godsdiens op 'n sinvolle wyse bekendgestel. Die skrywer pleit uiteindelik dat "the integration of science and theology must draw from several areas of study. Thus, it must be a community affair. Biblical scholars, theologians, scientists, philosophers, historians and sociologists of science are all important in the community task of forging better models of science/theology integration that are faithful to the propositional revelation of God in Scripture and responsible to the best insights from the disciplines (p.248)".

Die boek het wel sekere leemtes. Ten spyte van die voortrefflike uiteensetting en evaluering van teorieë bly die skrywer in gebreke om deur middel van konkrete voorbeelde te demonstreeer hoë die wetenskappe die teologie kan bystaan en verstewig. Die filosofiese insette van die skrywer is sterk, maar daar is weinig of geen integrasie met teologiese standpunte.

Die boek is voorsien van 'n uiters bruikbare en indrukwekkende bibliografie. Dit het ongelukkig nie 'n indeks nie. Hierdie werk word sterk aanbeveel vir studente in die teologie wat hul metodologie, teorieë en intellektuele vaardighede wil verskerp.

Pieter du Toit

S Fowler (ed), HW van Brummelen, J van Dyk, *Christian schooling: education for freedom*, (IRS F3 no 39), Potchefstroom 1990, 198pp. Prys R15,00.

Hierdie publikasie van die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) is 'n versameling van die referate wat gelewer is tydens 'n kursus oor christelike onderwys wat in Februarie 1988 by die PU vir CHO aangebied is. Die Amerikaanse skrywers het 'n goeie kennis van Suid-Afrika se onderwysgeskiedenis en die huidige onderwys situasie.

Die eerste deel van die boek handel oor die basiese vrae rondom die eie aard en doel van christelike onderwys. Christelike onderwys het ten doel die stimulering en bevordering van verantwoordelike rentmeesterskap. Die doel van die opvoeding en die onderwys is nie selfverryking nie, maar die verryking van die samelewing deur die optimale ontwikkeling van elke student se eie unieke potensiaal. Die skrywers is dit met mekaar eens: "If our goal for a Christian approach to education can be summed up in one phrase, it is that we must guide students to be and to become response-able disciples of Jesus Christ" (p180). Die universele heerskappy van God en 'n Bybelse mensbeskouing vorm twee belangrike hoekstene in die teorie vorming rondom christelike onderwys.

Die boek lewer 'n stimulerende bydrae tot die akademiese diskussie rondom christelike onderwys en christelike skole. Ongelukkig slaag die skrywers nie regtig daarin om met werkbare konkrete oplossings vorendag te kom nie. Die pogings om riglyne te gee ten opsigte van die praktiese inrigting van 'n christelike skoolstruktuur, leerproses en kurrikulumbeplanning oortuig nie altyd nie. Die skrywers gee toe dat die hoë ideale vir christelike onderwys en skole in baie opsigte moeilik haalbaar is (pp 29, 188).

Hoofstukke 6-9 handel oor die skool as sosiale struktuur binne die sosiale samelewingskonteks. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die onderwys en die samelewing. Fowler is soms vaag in die onderskeidinge wat hy trek tussen die eiesoortige taak van die skool teenoor die van die kerk as dit kom by sake soos "profeetse getuie" (hoofstuk 4&5), "liefdesdiens" (hoofstuk 6) en "rentmeesterskap" (hoofstuk 7). Hoewel daar tussen skool en kerk in hierdie verband sekere raakvlakke is, is daar ook duidelike verskille tussen skool en kerk wat gehandhaaf moet word.

Die skrywers is gebalanseerd in hul waardering vir die bydraes van die "gesekulariseerde" opvoedkunde maar waarsku teen 'n onkritiese gebruik daarvan in die onderwys situasie. In hierdie verband speel die onderwyser 'n sleutel rol in die oordrag van die regte waardes. Die christen onderwyser is nie alleen daarvoor verantwoordelik dat die regte leerinhoud oorgedra word nie, maar dien ook in die informele leersituasie as leermodel (voorbeeld) waardeur die leerproses versterk word.

Twee hoofstukke (10,11) word gewy aan die leerproses. Vanuit die verklaarde uitgangspunt van die christelike onderwys word gekyk na verskillende aspekte van die leer, w.o. informele-, gedifferensieerde- en koöperatiewe leer, asook die verhouding tussen teorie en praktyk.

In die slothoofstuk gee Van Brummelen enkele riglyne vir kurrikulumbeplanning binne die raamwerk van die christelike onderwys. Sy verwysings na Samuel en Job as bybelse modelle vir kurrikulumbeplanning is geforseerd en is 'n tipiese voorbeeld van skrifinleg wat nie genoeg erns maak met die eksegetiese voorwaardes vir skrifuitleg nie.

Omdat die referate oorspronklik deel was van 'n kursus word sake soms net terloops genoem en nie altyd deeglik in behandeling geneem nie. Die publikasie bevat egter 'n hele aantal prikkelende gedagtes vir elkeen wat nadink oor die Christen se verantwoordelikheid op die terrein van die onderwys.

Ockie Raubenheimer.

CW Burger, BA Müller, DJ Smit, *Riglyne vir prediking oor die bergrede*, N G Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1990, 296 pp. Prys R42,00.

Die riglyne vir prediking oor die bergrede vorm deel van die tweede reeks van die reeds bekend en beminde Woord teen die lig reeks.

Die wegbanende artikels wat die ontleding van die tekste voorafgaan, ontsluit teologiese insigte wat die gebruikswaarde van die boek aansienlik verhoog. Dit bied 'n noodsaaklike raam waarbinne die boek gebruik moet word.

Getrou aan sy voorgangers is die aanpak eksegeties, hermeneuties en homileties van aard. Die soort onderskeidings is begryplik met die oog op 'n werksaanspak, maar dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die onderskeidings op mekaar inspeel en invloed. Die homiletiese proses begin byvoorbeeld nie eers op vlak drie nie, maar is al sprekend en lerend teenwoordig by die eksegetiese.

Die verskillende skrywers verskil in benadering ten opsigte van die gewig van die drie komponente. Soms is die eksegetiese gedug, en ander kere het dit minder om die lyf. Die gebruiker van die werk kan maar self die diepgang van die uitleg peil deur self-standig eksegetiese te doen. Oor die algemeen is die uitleg van hoë gehalte. Wat wel opval is dat die uitleg hier en daar 'n homiletiese trek vertoon (vgl pp.109-111). Dié soort omgang met tekste help om die teksnetwerk te vertoon. 'n Tekortkoming is dat daar meer aandag aan die literêre analise van die bergrede gewy kon wees. Daar word wel aandag aan dié aspek in een van die inleidingsartikels gewy, maar dit moes by die bespreking van elke teks grondiger aan die bod gekom het. Daar word deurgaans moeite gemaak met die verstaanshorison van die tekste. Die homiletiese proses word aangedurf met 'n (poging tot) pakkende aanvang. Die situasie van die hoorder bied telkens 'n gulde geleentheid om die tekste te laat praat. Die prediker van die teks moet net nie vergeet nie om eers self met sy/haar situasie te worstel voordat die preek gemaak word. Elke prediker moet self by Jabbok worstel. Die homiletiese riglyne bied egter genoeg blyke van egte worsteling. Die riglyne vir prediking oor die bergrede is 'n toevoeging tot die homiletiese literatuur wat vandag, juis vandag met vreugde begroet word. Die boek word hartlik aanbeveel vir gebruik.

CJA Vos

D A Carson (ed), *Teach us to pray*, Baker Book House, Michigan 1990, 362 pp.

Met groot verwagting het ek hierdie lywige boek oor gebed ter hand geneem. Dit het as subtitel: "prayer in the Bible and the world". 'n Baie wye veld word gedek en dit bevat 'n magdom van gegewens.

Die boek is opgebou uit vier hoofdele, te wete:

"Biblical theology of prayer"

"Prayer and spirituality"

"Some lessons in prayer from the world-wide church"

"The challenge to pray".

Die stof onder hierdie vier hoofdele word verder verdeel in 20 hoofstukke waaraan verskillende skrywers gewerk het.

In die eerste hoofdeel word die gegewens gebied van die Ou en Nuwe Testament. Daar word 'n menigte besonderhede gebied wat eintlik maak dat dit baie onoorsigtelik en nie-geïntegreerd aandoen. Daarby werk verskillende persone met verskillende insigte en wyses van benadering aan die onderskeie onderdele van die Bybel. Weer eens word heelwat besonderhede gebied, maar dit is baie uiteenlopend en uiters moeilik om werklik 'n goeie oorsig daarvan te verkry. Onder hierdie hoofdeel was die bydrae van E P Clowney: "A Biblical Theology of prayer", vir my die

beste en die duidelikste. Hier sou 'n goeie integrasie van al die voorafgaande gegewens 'n groot wins gewees het.

In die tweede hoofdeel word gehandel oor: "Prayer and spirituality". Hier word gebed telkens en agtereenvolgens besien in die lig van die spiritualiteit van : die Hindu-denke, die Boeddhistiese-denke, die Islam-denke, die Roomse Katolisisme van veral Latyns Amerika. Slegs vir wie besonderlik geïnteresseerd is in hierdie tipe denke is hierdie gedeelte relevant. 'n Bespreking van die verhouding van gebed, meditasie en spiritualiteit in Bybelse gesigspunt sou van veel meer waarde gewees het.

As ons by die derde deel kom, naamlik lesse uit die wêreldwye kerk wek dit die verwagting om die gebedslewe en gebedservaring in die verskillende kerke weer te gee. Daar word egter met groot globale gebiede gewerk, soos die kerk in Afrika en daarom is die gegewens algemeen en spreek dit die leser minder aan as wat die geval sou wees as iemand uit 'n bepaalde kerk sodanige ervaringe sou weergee.

Die vierde hoofdeel is kort en bestaan uit 'n oproep om leiers goed toe te rus en verwys na enige ervaringe van gebed.

Hierdie boek het 'n geweldige opset en kom met net so 'n groot pretensie om mense te leer om te bid. Daar word egter soveel besonderhede gebied, dat die eenheidsbeeld en die werklike appêl daardeur verlore gaan. Die boek lees moeilik en vereis 'n teologiese agtergrond om dit te kan volg. Daar is soveel brandende aspekte van gebed, soos die verhouding van gebed tot die prediking, die verhouding van gebed en die daaglikse stryd van die Christen, gebedsverhoring, private- en openbare gebed, ens, wat gerus ter sprake gebring kon gewees het. Die boek het slegs gedeeltelik aan my verwagtings beantwoord. Mens kan nie veel wys nadat jy so 'n lywige werk deurgewerk het nie.

A C Barnard

R. DeHaan, *Bid, God luister!* Lux Verbi, Kaapstad 1989, 80pp. Prys R10.20.

Dié vertaling deur mev M Malan uit die oorspronklike *Pray, God is listening* ('n uitgawe van Zondervan) is oortuigend en baie lesers sal nooit eers agterkom dat dit 'n vertaalde werk is nie. Dit is 'n boekie wat goed versorg is en keurig uitgegee word - 'n mooi geskenk. Belangrike vrae rondom gebed word op 'n verantwoordelike wyse beantwoord. Die volgende sake kom aan die orde:

Vrae rondom gebed

Vyf elemente van gebed

Hoe God op gebed antwoord

Wat moet ek sê wanneer ek bid?

En sê nou God antwoord nie?

Wat kan ek doen?

Lofprysing: die vergete aspek

Gebed: in die openbaar en persoonlik

Hoewel hierdie werk baie prakties is, maak dit nie 'n metodistiese indruk nie. Daar word nuttige wenke gegee sonder om te verval in 'n resepmatigheid. Deurentyd word die eer van God en sy vrymagtige wil gehandhaaf. Gebed word nie, soos so maklik in baie "gebedshandboeke" gebeur, verlaag tot 'n manipulasie-middel waardeur die mens eintlik mag verkry oor God nie. 'n Baie goeie voorbeeld van hierdie verantwoordelike benadering is wanneer die skrywer dit het oor siekte en gebed en dan sê hy dat daar 'n punt kom waar die onafwendbaarheid van die siekteproses aanvaar moet word en daar nie meer vir genesing gebid moet word nie (p. 47). Nog 'n aspek wat my verbly het is dat die skrywer nie 'n wettiese benadering volg en allerlei reëls, soos dat jy in die oggend móét bid en dat jy vir so en so lank móét bid, probeer voorskryf nie.

Die "Selfstudie"-gedeeltes aan die einde van elke hoofstuk is baie nuttig en kan ook vir groepsbesprekings gebruik word. Die boekie word hartlik aanbeveel.

JC Müller

S Ozroveh, *Kom bid saam met my*, Lux Verbi, Kaapstad 1990 (2e druk), 108 pp. Prys R9-80.

Dié boek gaan oor gebed, maar daar word geen beskrywing gegee van die wese, doel en werking van die gebed nie. Daar word nie oor gebed geskryf nie, maar die leser word by die hand geneem om self te leer bid. Honderd gebede is in die boek opgeneem. Daar word gehandel oor verskillende feeste, verskillende omstandighede en geleenthede, dit raak verskillende persone in verskillende situasies, verskillende werksaamhede van die kerk word betrek.

Die skrywer gee aan elke gebed 'n gepaste opskrif en 'n teks wat afgedruk word. Op 'n fris, geesdriftige manier word 'n gebed aan ons voorgedra. Ons word genooi om saam die gebed te bid. Die gebede spreek die verskillende aspekte van die gebed, soos dank, aanbidding, voorbidding, skuld belydenis, uit. Deur die boek saam- en deur te bid, moet die bidder se geloofslawe groei, maar ook sy gebedstaal, sy insigte oor gebed en sy vaardigheid daarin. Hartlik aanbeveel!

A C Barnard

D. Osgood, *Speel klaar met stres*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 88pp. Prys 9.75.

Hierdie is 'n vertaling deur Le Roi Steenkamp uit die oorspronklike *Surefire ways to beat stress*. Hoewel die vertaling as sodanig goed gedoen is, is die hele opset en konteks van die boek so Amerikaans dat dit vir die Afrikaanse leser effens vreemd aandoen. Die probleem van stres word grootliks op 'n pragmatiese basis aangepak. Die hele boek is vol wenke, selftoetse en metodes waarvolgens met stres klaargespeel kan word. Hierdie soort van pragmatisme is nie waardeloos nie en kan seker vir baie lesers wat oormatige stres ervaar iets beteken. Tog is dit my indruk dat die boek mank gaan aan ware diepte - teologiese diepte en ook sielkundige diepte. Die kompleksiteit van die stres-verskynsel word nie aangespreek nie en daarom kan so 'n boek selfs gevaarlik wees. Dit kan mense dalk verlei om 'n soort utopiese streslose bestaan na te jaag wat in die moderne samelewing in elk geval onmoontlik is.

Die waarde wat die boek vir 'n leser sal hê, sal afhang van die volwassenheid van die leser. Slegs die leser wat weet dat dit nie moontlik is om "klaar te speel" met stres nie, sal baat vind by van die wenke in die boek. Sulke lesers kan die boekie selfs heel nuttig vind.

JC Müller

AH Jahsmann en MP Simon, *Saam na Jesus*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 134pp. Prys R10,50. (Afrikaanse vertaling uit Engels deur Alida Geldenhuys).

Om die basiese waarhede van die christelike geloof op 'n bevatlike wyse aan die kleuter en die klein kind oor te dra verg besondere kundigheid en vaardigheid. Hierdie boek is 'n nuttige hulpmiddel in die hand van ouers, onderwysers en kategete om saam met die kinders na Jesus te gaan.

In 80 gesprekke word kinders tussen 4-12 jaar oud aan die hand van alledaagse gebeure gelei

om God beter te leer ken, Hom lief te hê en te vertrou. 'n Groot deel van die gesprekstemas handel oor die Persoon van God. God se liefde, almag, toorn, oordeel, straf en genade word verduidelik in aansluiting by die leefwêreld van die kind. Die regte gesindhede word gekweek en die kind word geleer om die Christelike geloof prakties uit te leef.

Die groot waarde van die boek lê veral in die gespreksmatige wyse waarop moeilike begrippe en belangrike waarhede aan die kleiner kind oorgedra word. Die feit dat die Afrikaanse vertaling die afgelope dekade reeds vyfmaal herdruk is, is 'n aanduiding dat hierdie boekie in 'n belangrike behoefte voorsien.

Dit is 'n leemte dat ten spyte van die feit dat hierdie reeds die derde hersiene uitgawe is, die teksverwysings nog steeds uit die 1953 Bybelvertaling kom.

Ockie Raubenheimer

S Ozrovech, *Vind vreugde in jou jeug*, Lux Verbi, Kaapstad 1989, 52 pp. Prys R5.90.

Te oordeel na die groot aantal publikasies uit die pen van ds Ozrovech wat die populêre geestelike mark oorheers, is hy 'n baie vrugbare skrywer. Hy is tradisioneel bekend vir sy boekies vir bejaarde mense, maar in die laaste tyd het hy ook die jeug as teikengroep geneem.

Die formaat waarin die onderhawige boekie gedruk is, die aantreklike buiteblad, die keurige uitleg en die indeling in 'n groot aantal dagstukkies, behoort dit aanvaarbaar te maak vir die tienerleser.

Die werklik denkende jong mens wat graag dieper wil delf sal egter nie deur die publikasie getrek word nie. Dit is net te bolangs en vlugtig. Dit neig ook na die gee van maklike oplossings terwyl daar nie sprake is van 'n ernstige worsteling met die diepte van die evangelie en die vraagstukke van die moderne jong mens nie.

Teologies sou 'n hele aantal besware ingebring kon word, waarvan die belangrikste die teksgebruik is. Elke dagstukkie het 'n teks bo-aan wat miskien liever uitgelaat moes gewees het, want op meer as een plek word nie erns gemaak met die teks nie en op 'n paar plekke word dit selfs geweld aangedoen. 'n Voorbeeld is waar Mark 1:19 op p. 20 bo-aan geplaas word ("Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was op hul nette reg te maak, en dadelik het hy hulle geroep") en dan word daar uitgewei oor ons lewensnet wat in diens van God geplaas moet word! Daar is ook ander sulke voorbeelde waar die inhoud van die dagstukkies nie ooreenkom met die skopus van die teks nie.

Die boekie lees maklik en lekker, maar dit beweeg na my mening in die stroom van die moderne populêre geestelike klimaat waar die evangelie resepmatig en oorvereenvoudig aangebied word.

JC Müller

E. Huisamen, *In Sy voetspore*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 83pp. Prys: R11.40

Lux Verbi is die voorlopers in die uitgee van keurige populêre geestelike boeke. Hierdie is 'n uitstekende voorbeeld. Die boek het 'n aantreklike buiteblad en die tegniese versorging is uitmuntend. Mens kry lus om die boek op te tel en te lees.

Die inhoud is mooi, maar nie opwindend nie. Dit is te opsigtelik net 'n klompie preke wat die skrywer saamgevoeg het. 'n Deurlopende tema ontbreek en daarom getuig die titel ook net van die algemene geestelike waarheid dat Jesus gevolg moet word. 'n Tipiese preekstyl is hier en daar effens hinderlik. Byvoorbeeld die gebruik van die dominees-uitdrukking "u en ek", en die gebruik om aan die einde van die preek die saak te beklink met 'n paar persoonlik-gerigte vrae.

Aan die positiewe kant moet gesê word dat die skrywer 'n maklike en vloeiende skryfstyl het en dat hy ook moeite doen om te luister na die Bybeltekste. Die teologie wat uit die werkie spreek is gesond en dit kan aanbeveel word met die oog op stilltetyd en nadenke.

JC Müller

G. Koën, *Kruiskrag*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 39pp. Prys: R6.90

Die boekie bevat een en dertig kort oordenkings sodat die leser dit by wyse van dagstukkies vir een volle maand kan gebruik. Daar is nie 'n deurlopende tema nie en allerlei geestelike en morele sake word aangesny. Soos Lux Verbi se ander uitgawes is dit netjies en aantreklik versorg.

Die skrywer slaag daarin om op 'n pittige en lewensgetroue wyse 'n wye verskeidenheid sake aan die orde te stel. Sy skryftrant is maklik en vloeiend. Die skrywer trap nie in die strik om alles wat hy sê aan 'n bepaalde teks te koppel nie en daardeur vermy hy die gevaar wat dikwels in sulke dagstukkies 'n werklikheid word, naamlik inlegkunde in plaas van uitlegkunde. Wanneer die Bybel wel aan die orde kom, is dit binne konteks en as deel van oortuigende argumentasie. Ek beveel die boekie aan. Veral jongmense behoort ook baie baat daarby te vind.

JC Müller